

9 September

Skrifgedeelte: Filippense 3:1-15

Fokusgedeelte: Filippense 3:12-15

Die hart van geloofsgroei

Wat is die diepste kern van ware geloofsgroei? In vers 12 sê Paulus: "... ek span my in om dit alles myne te maak, omdat Christus Jesus my reeds Syne gemaak het..." Geloofsgroei beteken dat *Jesus Christus al meer in my lewe gestalte kry*. Ek moet my inspan om Hom steeds beter te leer ken en in 'n hechter en intiemer gemeenskap met Hom te lewe. Ek moet steeds meer aspekte van my lewe onder sy heerskappy plaas.

Wanneer jy die wedloop van die geloof begin, kan dit maklik gebeur dat Jesus Christus wel in jou lewe ingekom het, maar dat daar nog sekere fasette van jou lewe is waar Hy nog teen toe deure stuit. Het jy al bewustelik jou politiek, jou huwelikslewe, jou keuse van vriende en vriendinne, jou geldsake, jou sport en jou tydsbesteding onder die heerskappy van sy Woord geplaas? Bespreek jy dit in die gebed met Hom?

Geloofsgroei behels om - soos daar in die nagmaalsformulier staan - jouself *hoe langer hoe meer aan Hom oor te gee*. Dit hou in om 'n hunger en dors te ervaar om Hom beter te leer ken uit sy Woord en 'n groeiende vrymoedigheid te ontwikkel om met ander oor Hom te praat. Jy word al meer bereid om groot opofferings vir Hom te maak, selfs al sou dit vir jou smaad en lyding inhoud. In een sin kan ons geloofsgroei so saamvat (Joh 3:30): "Hy [Christus] moet méér word en ek mínder."

Vele bejaardes getuig steeds opgewonde hoeveel geloofsverdieping en groei hulle **nóú eers** begin beleef. Dit laat my dink aan die woorde in die berymde Psalm 92:7 wat lui:

"Selfs in hul ouerdom
sal daar geen mind'ring kom
van bloei en eedle vrugte."

Dr PJ Buys (Mukhanyo Teologiese Kollege)